

25 NOVEMBER

**SKRIFGEDEELTE: PSALM 132; 2 SAMUEL 6-7
FOKUSGEDEELTE: PSALM 132:11**

God se beloftes is waar

Dawid voel skuldig. Hy bly in 'n huis, maar die ark van die Here trek rond. Hy begeer om vir die Here 'n huis te bou waar die ark kan staan. Die Here weier. Dawid se seun sal vir Hom 'n huis bou. Al sal Dawid nie vir die Here 'n huis bou nie, sal die Here vir hom 'n huis bou. Sy koningshuis sal ewig bly bestaan – 'n belofte wat vervul word in Christus.

Die psalm sing van die brandende begeerte van Dawid om 'n rusplek vir die ark van God te gee (vs. 1-10) en van die belofte van God aan Dawid (vs. 11-12). Van vers 13 af verklaar die Here dat Hy sy belofte sal hou. Op Sionsberg, in die tempel van Salomo, sal Hy bly en die Dawidshuis sal voortbestaan.

Die psalm verseker ons dat God se beloftes waar is. Ons kan daarop vertrou. Vir hierdie lewe met beproewinge en verleidinge kan ons seker wees: Jesus het belowe Hy kom weer! Hy kom as Regter om te oordeel, maar ook as Bevryder. Al die tranes sal afgedroog word. Daar sal geen hartseer en pyn meer wees nie. Die dood sal daar nie meer wees nie. Hy is Koning oor die ganse skepping, maar eendag sal elke knie voor Hom moet buig en elke tong moet bely dat Hy die Here is. Hy sal bekendmaak dat die reg aan ons kant is. Aan sy beloftes kan ons met sekerheid vashou.

Sing: Skrifberyming 18-6

Ds Alwyn Tredoux (Vaalpark)